# VERSLAG VAN DIE ONDERVOORSITTER – JULIE 2009

Al weer? Dis mos maar soos so 'n jaarlikse verslag elke keer begin.
Ja, ons moet seker maar begin aanvaar dat jare ook nie meer so gemaak is soos ons dit gewoond was nie, en deesdae baie korter is as wat ons onthou. Seker maar inflasie of aardverwarming of so iets wat die jare laat krimp.

Gelukkig het ons nog 'n organisasie soos SAWA, en dan spesifiek ook SAWA Mooifontein, om darem so hier en daar te sorg vir 'n broodnodige brekie tussen al die malle gejaag deur. Hiervoor kan ons regtig dankbaar wees vir die opofferings en harde werk wat Elize en Hendrik en die ander bestuurslede saam met die Kampkommandante en ander Sawanante maak sodat ons net rustig kan opdaag by 'n kamp. Ek wonder hoeveel van ons lede weet regtig hoeveel werk mense soos Elize moet insit om dinge so "seepglad" (op die oppervlak miskien) te laat verloop. Baie dankie vir almal wat so agter die skerms werk.

Soos julle mag onthou, het ons laas jaar 'n groot poging versoek en ingesit om Elize se werk rondom wie gaan kamp en die betalings en so aan, te vergemaklik, en ek moet sê dat daar beslis baie goeie reaksie van meeste kampers was. Daar is steeds ruimte vir verbetering, maar oor die algemeen raak die oproepe agter lede aan darem minder. Baie dankie vir almal wat haar pogings so positief ondersteun.

Hierdie jaar se bedrywighede was oor die algemeen baie geslaagd, alhoewel ons tog duidelik kan sien dat die ekonomie en die algemene dolle gejaag maar van elkeen van ons sy tol geeis het. Dankie aan elkeen wat tog nog by die kampe en ander geleenthede uitkom, en aan die wat ons dalk minder gereeld as voorheen sien – ons hoop dat dit spoedig weer rustiger sal gaan. Dit is dan ook hoekom dit so belangrik is dat ons elke lid se insette moet kry ten opsigte van al die beplande aktiwiteite (ons het mos jou nominasie vorms en kampkeuse lysie gekry of hoe?), want dis belangrik om so ver moontlik almal se voorkeure, en veral kampterreine en verwante aktiwiteite in te sluit in die programme en die aanbieding daarvan.

Dit is ongelukkig nooit moontlik om elke keer aan almal se voorkeure te kan voldoen nie, maar wees verseker, bestuur probeer tog baie hard om die beste vir almal te probeer verseker. Waar daar dalk wel onduidelikheid of ongelukkigheid is, wil ek elkeen uitnooi om met enige bestuurslid te gesels of 'n briefie te skryf. In meeste gevalle waar ongelukkigehede voorgekom het oor watter onderwerp ookal, kon dit voorkom en uitgeklaar gewees het as daar net vooraf met mekaar gepraat is.

Baie dankie weereens aan almal, en spesifiek aan my mede Bestuurslede en gesin vir die besonderse ondersteuning deur die jaar. Daarom was die "werk" baie maklik, en bly dit altyd 'n plesier. Sterkte aan die nuwe termyn se bestuur met alles wat in die nuwe jaar moet gebeur. Onthou, ons is nog nie klaar met SAWA se 40$^{e}$ verjaardag vieringe nie!

Dank aan ons Hemelse Vader wat vir ons die geleentheid gee om aan 'n streek soos Mooifontein verbonde te kan wees, waar die Christelike beginsels nog aktief en sigbaar uitgeleef kan word. Mag ons altyd Sy Naam grootmaak in alles wat ons doen.

Hennie la Grange
Ondervoorsitter – SAWA streek Mooifontein, 2008/2009